
BOLD
BEWEEG ONBEPERK.
LEEF DAPPER.
fresh
NES JY IS. WAAR JY IS

**Kan ons God vertrou en gehoorsaam wees as dit ons iets kos?**

**Dalk weet ons nognie wat die prys van ons geloof of gehoorsaamheid of vertroue is nie... Maar ons sal nie weet hoe God ons kan gebruik as ons nie gehoorsaam is en daardie stap van geloof vat nie...**




**Ons gaan vandag na die BOLD geloof en vertroue van 2 karakters kyk.**

**Moses en Daniël.**

**Gebruik so 5 – 10 minute om oor die stories van Moses en Daniël te dink.**

**Hoe het hulle op die plek gekom waar God hulle geroep het en hoe het God hulle geloof en gehoorsaamheid gebruik?**



# Eksodus 3:9-21

9Die noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het ook aanskou
hoe Egipte hulle verdruk. 10Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat
jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry."

11Toe sê Moses vir God: "Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en
dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?"

12God het Moses geantwoord: "Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek
jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal
julle My by hierdie berg aanbid."

13Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en
ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe
gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle
sê?"

14Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê:
'Ek is' het my na julle toe gestuur."
15Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die
Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God
van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig
my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van
geslag tot geslag.
16"Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle: 'Die
Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en
Jakob, het aan my verskyn en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook
wat julle aangedoen word in Egipte. 17Ek het besluit om julle te laat
wegtrek uit die ellende van Egipte

na die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, na 'n land wat oorloop van melk en heuning.’

18“Die leiers van Israel sal na jou luister, en dan moet jy en hulle na die Egiptiese koning toe gaan en vir hom sê: ‘Die Here die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise ver die woestyn in trek om vir ons God, die Here, 'n offer te bring.’

19“Ek weet dat die Egiptiese koning julle nie sal laat gaan nie, selfs
nie onder dwang nie. 20Dan sal Ek my hand uitsteek en Egipte teister
met die wonderdade wat Ek in hom sal doen. Eers daarna sal die
farao julle laat gaan. 21Ek sal ook sorg dat die Egiptenaars goed
doen aan hierdie volk van My, sodat, as julle uiteindelik wegtrek, julle
nie met leë hande sal gaan nie.

**Wat staan vir jou uit in die roeping aan Moses?**

**Hoe is dit anders as die roeping wat Abraham gekry het?**

## Eksodus 4:1&10-13

1Maar toe sê Moses: "Sê nou die Israeliete glo
my nie en hulle luister nie na my nie en hulle sê
die Here het nie aan my verskyn nie?"

10Toe sê Moses vir die Here: “Ag, Here, ek kan nie goed praat nie;
ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou, hier waar U met my
praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.”
11Daarna sê die Here vir hom: “Wie het aan die mens 'n mond
gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die
Here, nie? 12Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer
wat jy moet sê.”
13Maar Moses antwoord: “Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand
anders.”

**Abraham kry 'n opdrag van die Here af, en sonder om eers te wonder of te redineer, gaan Abraham en hy is gehoorsaam.**

**Moses, aan die ander kant, dink eers 'n klomp verskonings uit, nadat hy al die inligting raakend die opdrag ontvang het.**



# Daniël 6:1-11

1Darius die Mediër het die koningskap oorgeneem toe hy twee en sestig
jaar oud was. 2Hy het besluit om honderd en twintig goewerneurs-
generaal aan te stel om oor sy hele koninkryk te regeer. 3Oor hulle was
daar drie ministers, van wie Daniël een was en aan wie die
goewerneurs-generaal verantwoordelik was sodat die koning se
belange behoorlik behartig kon word. 4Hierdie Daniël het deur sy
buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die
goewerneurs-generaal dat die koning van plan was om hom oor die
hele koninkryk aan te stel. 5Die ministers en die goewerneurs-generaal
het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die
administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen
onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen
nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie. 6Hulle sê toe vir mekaar:
"Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in
verband met sy godsdiens."

7Die ministers en die goewerneurs-generaal storm toe by die koning in
en sê vir hom: "Mag die koning baie lank lewe! 8Al u ministers en al die
goewerneurs, goewerneurs-generaal, raadgewers en administrateurs het
met mekaar ooreengekom dat daar 'n koninklike dekreet uitgevaardig
moet word. Die dekreet moet baie streng bepaal dat enigiemand wat
gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir u, U
Majesteit, in 'n leeukuil gegooi moet word. 9Stel dan nou so 'n dekreet
op en vaardig dit skriftelik uit sodat dit nie verander kan word nie; dit
moet onherroeplik wees, 'n wet van Mediërs en Perse."
10Koning Darius het toe so 'n dekreet uitgevaardig.
11Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe
gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en
soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per
dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.

**Wat staan vir jou uit in hierdie storie oor Daniël?**

**Dink aan Daniël se BOLD aanbidding…**

**Hy aanbid, loof en prys die Here, al is die prys daarvan sy eie lewe…**

21Toe hy naby die leeukuil kom, het hy angstig na Daniël geroep en vir
hom gevra: “Daniël, dienaar van die lewende God, was jou God wat jy
met soveel volharding dien, in staat om jou van die leeus te red?”

22Toe antwoord Daniël: “Mag die koning baie lank lewe! 23My God het
sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit sodat hulle my
niks kon aandoen nie, want Hy het bevind dat ek nie teen Hom oortree
het nie. Ook teenoor u het ek niks verkeerds gedoen nie, U Majesteit.”

24Die koning was baie bly en het beveel dat Daniël uit die leeukuil
gehaal moes word. Toe Daniël uit die leeukuil gehaal is, was daar geen
letsel aan hom nie, omdat hy op sy God vertrou het. 25Op bevel van die
koning is die mense wat vir Daniël verkla het, gebring en in die leeukuil
gegooi saam met hulle kinders en hulle vrouens. Hulle het nog nie in die
leeukuil grond gevat nie of die leeus was op hulle en het hulle verskeur.

26Koning Darius het toe aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld gewoon het, 'n skrywe gerig: “Voorspoed! 27Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word.

“Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig;

sy koninkryk sal nie vernietig word nie,

sy heerskappy sal nooit eindig nie.

28Hy red en bevry,

Hy doen tekens en wonders

in die hemel en op die aarde;

Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered.”

**Wat staan vir jou uit oor wat gebeur het nadat Daniël uit die leeukuil gehaal is?**





# REFLEKSIE:

## MAAK JY DALK VERSKONINGS? PRYS JY GOD, AL KOS DIT JOU IETS?